

## DIE EERSTE BEGINSELS VAN DIE WOORD, DIE IMPLIKASIE VAN HEB 5:12 VIR KERK EN TEOLOGIE

Benno A Zuiddam

Skool vir Bybelwetenskappe & Antieke Tale

Noordwes Universiteit, Potchefstroom

---

### Abstract

*Hebrews uses the words λογίων τοῦ θεοῦ to denote authoritative Divine speech. These are treated as oracles from heaven with an inherently divine quality. Hebrews' use of λογίων as such implies a divine source and this is reinforced by τοῦ θεοῦ. Both the wider and narrower context of Hebrews 5:12 show that this expression is used in a context of revelation. God reaches out and speaks. In this context God's oracles are presented as instrumental for maintaining this relationship with the divine and particularly portrayed as promoting spiritual growth and maturity. It is from this literary context, and the specific use of λογίων in Hebrews 5:12 that this article argues that the phrase τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ refers to the very elementary knowledge, or basic understanding of the "Word of God" or his collective "Oracles". Even the practice of these Oracle-basics is considered potentially life-changing and spiritually empowering by the author of Hebrews. Knowledge of God's revelation, even a thirst for more, is presented as a basic requirement for Christian life.*

**Keywords:** Oracle, Bible, Hebrews 5:12, Bible Translation, Revelation

**Sleutelwoorde:** Orakel, Bybel, Hebreërs 5:12, Bybelvertaling, Openbaring

### Inleiding

Dat God praat met mense en sy wil openbaar, speel 'n baie belangrike rol in die brief wat in die vroeë Kerk bekend gestaan het as "die brief van die Apostel Paulus aan die Hebreërs."<sup>1</sup> Dit bereik 'n hoogtepunt in Heb 5:12, waar die skrywer die stelling maak dat hy by gelowiges 'n basiese kennis van God se geopenbaarde Woord veronderstel. In die Grieks praat hy in daardie verband van τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ, letterlik "die eerste beginsels van God se orakels" of "die basiese beginsels van die geopenbaarde Woord van God".

Hierdie artikel wil die implikasies van die gebruik van die Griekse woorde τῶν λογίων τοῦ θεοῦ vasstel binne die literêre konteks van Hebreërs 5:12. Die semantiese teorie wat hierby gebruik word, is die filologiese benadering, wat die teks vanuit sy grammatiese en literêre konteks probeer verstaan. Uit daardie verstaan word betoog dat die huidige Afrikaanse vertalings van die teks verbeter kan word, aangesien die wesenlike betekenis

---

<sup>1</sup> Hoewel daar nie persoonlike groete aan die begin van Hebreërs is nie, wys Nestle-Aland (1988:587) daarop dat 'n groot verskeidenheid van tekstradisies en die oorgrote meerderheid van handskrifte Hebreërs reg vanaf die begin beskou het as 'n brief en ten minste die tradisionele brief-aanduider πρὸς ἑβραίους ingesluit het. Indien dit nie alles deel was van die oorspronklike nie, dan wys dit hoe die vroeë kerk die dokument ontvang het. Nestle-Aland (1988:587) haal Papyrus 47 aan as argument om die briefaanhef uit te los, maar dit is juis hierdie Chester Beatty-papyrus wat Hebreërs toereken tot die briewe van Paulus en dit tweede in die lys stel as brief van hierdie apostel, na Romeine (Guthrie 1990:670).

van τῶν λόγων τοῦ θεοῦ onvoldoende verstaanbaar is vir die leser wat geen kennis het van die Grieks nie.

- Die 1933/53-vertaling:  
Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie.
- Die 1983/92-vertaling:  
Hoewel julle teen hierdie tyd self reeds onderrig behoort te gee, het julle weer nodig dat iemand julle in die grondwaarhede van die woord van God moet onderrig. 'n Mens moet julle met melk voed en nie met vaste kos nie.
- Die Nuwe Lewende Vertaling (2006):  
As 'n mens dink aan hoe lank julle reeds Christene is, moes julle eintlik al self onderrig in die geloof gegee het. En nou het 'n mens werklikwaar weer nodig om julle die mees elementêre aspekte van die woord van God te leer! Julle is soos babatjies wat nog net melk kan drink en nie vaste kos kan inneem nie.

Die ou vertaling is letterliker as die nuwe, en laasgenoemde meer bron-gerig as die NLV, maar by nie een van die drie kom die bedoeling van die skrywer tot uitdrukking wanneer hy praat van “die woorde van God” nie. Vir die Afrikaanse leser lyk dit of hy praat van “woorde” van God wat in die Grieks net sowel λόγοι kon gewees het. Dit is egter nie die geval nie. Die skrywer gebruik bewustelik 'n seldsame woord wat 'n mens net enkele male in die Nuwe Testament kry: λόγια. Die ander plekke waar dit voorkom in die Nuwe Testament is Hand 7:38, Rom 3:2 en 1 Pet 4:11. Hierdie woord handel nie oor spiritualiteit of geloofstradisies van mense nie, maar is in essensie 'n orakel, 'n Godsspraak wat die mens net ontvang en deurgee.

Dis belangrik om te besef dat daar 'n ingrypende verskil bestaan tussen λόγιον “orakel” (vgl. NRSV: “the basic elements of the oracles of God”) en die meer algemene λόγος “woord”. Dit het verskeie implikasies vir hoe die Bybelskrywers en vroeë Christene hulle heilige Skrifte gesien het: “One of the most evident ways that the writers of Biblical literature claimed to receive divine speech is their use of the word λόγιον” (Zuiddam, Van Rensburg & Jordaan 2008:381).<sup>2</sup>

Hierdie woord λόγιον is 'n letterlike voorbeeld van Jesus se verklaring oor die verwydering of toevoeging van 'n tittel of 'n jota<sup>3</sup> aan die teks van die Skrif, wat aangee dat die uitspraak sowel op filoloë as op die algemene publiek van toepassing mag wees. Die algemeen gebruikte λόγος kom algemeen voor en beteken gewoonlik “woord,” 'n kommunikasiedraer

<sup>2</sup> Die goddelike gesag van λόγιον is reeds veronderstel in die woord self, aangesien dit altyd 'n goddelike bron impliseer. Die woord ‘orakel’ of ‘Godspraak’ is van toepassing. Koester (2005:301) brei uit daarop: “‘Oracles’ (*logioi*) were prophetic utterances, including the sayings of God found in Scripture (Philo, Posterity 28; Unchangeable 50). The plural commonly referred to the Law (Deut 33:9-10, Acts 7:38; Philo, Moses 2.56; Decalogue 36; cf. Ps 119:10-11, 102-3, 162-63) or Jewish Scriptures (Moses 2.188; Ep. Arist. 176-77; Rom 3:2; I Clem. 53:1; 62:3). The term “oracles” is appropriate because Hebrews takes the Scriptures to be divine speech and interprets them in light of Christ (pp. 117-18). The basic elements of God's oracles (Heb 5:12) and the basic word of Christ (6:1) are not identical, but neither can be taken without the other.”

<sup>3</sup> Matt 5:18: ἀμὴν γὰρ λέγω ὑμῖν ἕως ἂν παρέλθῃ ὁ οὐρανὸς καὶ ἡ γῆ ἰῶτα ἓν ἢ μία κεφαλαία οὐ μὴ παρέλθῃ ἀπὸ τοῦ νόμου ἕως ἂν πάντα γένηται. (1983/92-vertaling: Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.)

van enige soort. Dit is egter nie die geval by λόγιον nie. Hoewel dit soos λόγος ook “woord” beteken, is dit in ’n heel bepaalde sin met ’n beperkte betekenisveld. Die ou Grieke het dit eksklusief gebruik vir ’n orakel (vgl. Liddell & Scott 1996:1056), oftewel ’n gesaghebbende uitspraak of aanwysing van die gode. Die λόγιον kom volgens die Griekse taalgebruik dus noodwendig uit die hemel. “In other words, while the author of λόγος could be human or divine, λόγιον was always produced in the heavenlies” (Zuiddam, Van Rensburg & Jordaan 2008:381).<sup>4</sup>

Hebreërs 5:12 handel dus nie oor bloot woorde nie, maar oor Godspraak of orakels. Dit gaan oor openbaringswoorde. Die meervoud met die gebruik van die lidwoord dui aan dat dit gaan om ’n versameling of die verskynsel van Godspraak. Die goddelike oorsprong word dan nog verder versterk deur τοῦ θεοῦ. Dit is nie sommer orakels uit die hemel nie, maar hulle kom van die enige ware God af wat homself reeds sedert die Skepping aan die mens openbaar. Die konteks binne Hebreërs, met name die vier hoofstukke wat 5:12 voorafgaan, is in die verband van belang, o.m. aangesien die eerste vier hoofstukke van Hebreërs uitgebreid aandag gee aan God wat deur die geskiedenis heen gepraat en inligting aan die mensheid geopenbaar het.

Hierdie artikel argumenteer dat ’n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling die goddelike openbaringskomponent van λόγια as sulks moet verreken, asook die bevestiging en versterking daarvan in die literêre konteks van Hebreërs.

Die doel is om binne hierdie konteks vas te stel wat die skrywer in gedagte het as hy praat van τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ. Dit behoort ook die aard van hierdie λόγια te verduidelik en die gesag wat die outeur toeken aan hierdie Godspraak. Met gebruik van die filologiese metode sal eers (1) die wyer konteks van Hebreërs onder die aandag kom (2) en vervolgens onmiddellike konteks (3) van Hebreërs 4:14-5:14, met name die 5:11-14. Vanuit hierdie konteks vind eksegese plaas van Hebreërs 5:12 en die rol van τῶν λογίων τοῦ θεοῦ in hierdie verband (4). Die artikel sluit met ’n filologiese konklusie oor τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ (5) en maak ’n voorstel vir ’n nuwe Afrikaanse vertaling.

## Openbaring as wyer literêre konteks in Hebreërs

### *God wat kommunikeer*

Die eerste hoofstukke van Hebreërs maak baie van die Woord van God en die verskynsel dat God praat en uitreik na mense. Volgens die outeur soek God ’n regte verhouding met die mens. Hy gee baie aandag aan God se plan om sondige mense weer in ’n regte verhouding tot Hom te bring en te versoen. Openbaring is die instrument om dit te bewerkstellig. Om daardie rede het God met die mensheid begin praat, op verskeie maniere, ook deur allerhande profete in sy diens te gebruik. Jesus word voorgestel as God se uiteindelijke instrument van openbaring en word die Seun van die Allerhoogste genoem (1:1-3).<sup>5</sup> Die woorde van Jesus verdien die aandag van die mensheid, meer nog as die openbaring aan Moses vir die volk Israel, hoewel in daardie geval dit nogal bemiddel is deur engele (2:1-3, vgl. Hand 7).

<sup>4</sup> Die λόγια is niks minder as Goddelike openbaring en kommunikasie nie, wat Moses en die Profete en Apostels as tussengangers gebruik het, soos Apollo en sy Pythia in die Griekse religie. Volgens die skrywer gaan dit om geopenbaarde Godspraak. Vgl. Boice (1991:276), Dunn (1988:130-131), Fitzmyer (1993:326) en Lekkerkerker (1962:118).

<sup>5</sup> Die HERE wat praat het ’n sentrale rol in die eerste vier hoofstukke van Hebreërs (1:1-4:13) en dien as ’n strukturele merker. Vgl. Karrer (2002:224), Schunack (2002:21-59).

Nogtans, die respons op God se openbaring was, volgens die skrywer van Hebreërs, nie al te goed nie. Die volk het gesukkel om gehoorsaam te wees aan die Here se stem (3:7), en die outeur verbind daardie ongehoorsaamheid met 'n gebrek aan vertroue in die Woord van God (3:19-4:13). In die lig van hierdie konteks moet ook die outeur se oproep en verwyte in Heb 5:12 verstaan word. Vir 4 hoofstukke lank verduidelik hy die grootheid en die belang van God se geopenbaarde Woord, teologies en in die geskiedenis. Eers wanneer hy sy lesers deeglik laat kennis neem het van die openbaringsfeite, konfronteer hy hulle in Heb 5:12. Ook hulle moet nadergetrek word aan die stem van God en weer mooi begin luister.

Hierdie tema van openbaring – God wat praat en die mens nader probeer trek – kry baie aandag in die eerste hoofstukke van Hebreërs en bereik 'n voorlopige hoogtepunt in Hebreërs 4:12-13, wat die kwaliteite van die Woord van God<sup>6</sup> aanprys. Dit is juis voordat die outeur Christus beskryf as 'n hoëpriester wat gelowiges met God versoen en hulle vertroue werd is.

Hebreërs 4:12-13 is van groot belang om die outeur se siening van die Woord van God as sentrale instrument binne daardie verhouding van God en mens te verstaan. Volgens hom is elke mens rekenskap en gehoorsaamheid verskuldig aan God. Met ander woorde: elke mens moet na Hom luister en God se openbaring ontvang. Sy Woord is lewend en kragtig en maak 'n verskil. Vir die verstaan van hemelse openbaring in Hebreërs is dit van belang om die karaktereenskappe wat die outeur opsom in Heb 4:12-13, kortliks te bespreek:

- 1) In die eerste plek is die Woord van God, volgens hom, lewend. Spicq (1977:89) toon aan dat dit veroorsaak word en handel oor 'n goddelike krag wat met hierdie Woord saamkom (Deut 32:47, Matt 13:3; vgl. Laubach 1967:93). Met ander woorde, dit is vreeslik belangrik om te beseft dat die skrywer geen magiese woorde in gedagte het nie. Dit is nie 'n klomp towerspreuke nie, maar hulle krag is afhanklik van die aktiwiteit van die God wat handel op die Woord. (Vgl. Bette e.a. 1988:77, Karrer 2002:226 en Van Oyen 1962:65.)
- 2) 'n Tweede karaktereenskap van Woordopenbaring in Hebreërs is dat dit krag besit en 'n praktiese verskil kan maak. “Dit is “kragtig”, dit is energiek, vol aktiwiteit, m.a.w. dit bly werkzaam in 'n volle mate,” verduidelik Fensham (1981:39). Dit word sigbaar in die gevolge, in wat gebeur nadat God sy Woord gespreek het. (Vgl. Bette 1988:77 en Van Oyen 1962:65.) Hierdie kragtige Woord ondersteun die Christen met die oog op 'n heilige lewe. Laubach (1967:93) verwys in die verband na “der “Wirksamkeit”, grie *enérgeia*, Jesu Christi (Phil 3,21), die sich als umwandelnde Kraft Gottes nicht nur in unserem Heiligungsleben, sondern noch viel stärker in der Umgestaltung unseres irdischen Leibes in den Herrlichkeitsleib ausweisen wird.”
- 3) 'n Derde aspek van Woordopenbaring is dat dit nie net met krag kom nie, maar dat daardie krag doeltreffend aangewend word. Die beeld van 'n swaard is ter sprake. Die outeur vergelyk die Woord met 'n tweesnydende swaard (*μάχαιραν δίστομον*).<sup>7</sup> Die

<sup>6</sup> In Hebreërs is dit die Heilige Gees wat die Skrywer is van die Woord van God. Hegermann (1988:105) het dit reeds aangetoon: “Im übrigen schließt der Verfasser hier zugleich die in 3,7 begonnene Paraklese ab, unter Aufnahme der Motive des Heiligen Geistes als Sprecher des Wortes (3,7a) und des herzens als des Ortes verborgener Gefahr für das Heil (3,12).”

<sup>7</sup> Karrer (2002:227) stel voor dat *μάχαιραν* gewoonlik vertaal moet word as “Schlachtschwert” in teenstelling met “*xiphos*” en “*romphea*” is sonder grond in die Grieks en mislei die leser. *Μάχαιρα* is 'n algemene verwysing na “swaard” (bv. Gen 34:26 (LXX), Matt 26:47, 55, Mark 14:47, Hand 12:2, 13:14), en kan ook as 'n metafoor gebruik word (Rom 8:35, 13:4). Om bv. “die swaard van die Gees” in Ef 6:17 te vertaal as “die slagtersmes van die Gees” is onvanpas en selfs belaglik binne die konteks van gelowiges wat die wapenrusting van God moet aantrek. Geeneen van die belangrike Bybelvertalings ondersteun sy siening van Heb 4:12 nie. As 'n algemene woord vir swaard, is daar in *μάχαιρα* 'n verband met Jes 49:2, aangesien die profet

uitdrukking kry 'n mens in Psalm 149:6 (vgl. Op 1:16, 2:12), maar die beeld van 'n skerp swaard wat met die Woord van God vergelyk word berus op Jesaja 49:1,2 (LXX): καὶ ἔθηκεν τὸ στόμα μου ὡσεὶ μάχαιραν ὀξεῖαν (En Hy het my mond gemaak soos 'n skerp swaard), vgl. Hosea 6:5, Efesiërs 6:17. Dat 'n swaard skerp is en kan steek, toon dat die Woord van God die mens kan raak en deurdring tot sy wese, vgl. Bette e.a. (1988:77), ook Openbaring 2:16. Laubach (1967:94) benadruk in hierdie verband tereg dat die Woord van God eers die lewe van die gelowige self aanraak voordat hy in staat is om die standaard daarvan effektief aan ander te kan kommunikeer.

- 4) 'n Vierde aspek van God se Openbaringswoord is dat dit bekwaam en geregtig is om te oordeel. God is die regter van die mens se gedrag en denke. Omdat die mens rekenskap gee aan God, is die Woord van God die maatstaf wat hom help om sy gehoorsaamheid prakties te meet (Van Oyen 1962:67). Die Woordopenbaring kom van 'n alwetende Skepper (Laubach 1967:96)<sup>8</sup> wat kommunikeer en aan wie die hele mensheid verantwoordig is.<sup>9</sup> Die Woord het gesag om sy inherente krag en inhoud, maar ook om sy gesaghebbende Bron, as die stem van God. Die outeur waarsku die lesers om gehoorsaam te wees aan die stem van God en om in te gaan in die rus wat Hy voorsien. Christus verkry vir die mens vrede met God en rus van menslike pogings om uit te reik na God en vir Hom aanvaarbaar te word. Dit is in hierdie konteks dat die kwaliteite van die Woord van God nader omskryf word.<sup>10</sup>

Die Openbaringswoord van God klink ook deur sy Seun. Binne Hebreërs 4:14-5:14, en 5:12 (wat 'n besondere aandag kry in hierdie artikel) vestig dit 'n konteks van Christus wat as hoëpriester die uiteindelijke offer vir die versoening van sondes gebring het (4:14-10:22). Die laaste hoofstukke behandel die respons van die mens, met die geloofshelde van vroeër as voorbeeld en uiteindelik praktiese oproepe tot geloofsgehoorsaamheid vir die leser (10:23-13:25).

Daar is dus dwarsdeur die brief 'n duidelike struktuur waarin God se openbaring 'n baie belangrike plek inneem. Hierdie openbaringsstruktuur lei na 'n praktiese hoogtepunt vir die gelowige in die versoening in Christus, deur wie God ook gepraat het en die leser lei op die pad van geloofsgehoorsaamheid.

---

die woord gebruik. Dat 'n swaard ter sprake is en nie 'n offermes nie, word versterk deur die verwysings in Op 1:16 en 11:2 (Pirrot 1946:307), wat goed vergelyk met Jesaja 49:2 en die uitdrukking ῥομφαία δίστομος het.

<sup>8</sup> In Hebreërs word God self beskou as die outeur van sy Woord. Daar is 'n lewende verbintenis. Die Here handel en tree op volgens sy Woord. In die apostel se beskouing gaan dit dus nie oor 'n inspirasieteorie nie, maar om die Outeur wat praat omdat hy 'n persoonlike verhouding met sy mense soek. Bette e.a. (1988:77) ondersteun hierdie siening: "In het vorige vers werd het Woord van God reeds gepersonifieerd; het Woord leeft, is werkzaam, dringt door, beoordeelt. In dit vers vinden we een overgang van Gods Woord naar God zelf."

<sup>9</sup> In Hebreërs is al die mense op aarde rekenskap verskuldig aan God, veral die wat die voorreg gehad het om die Woord van God te ontvang. Laubach (1967:96) is reg as hy sê dat hierdie basiese konsep in Hebreërs Jode sowel as heidene betref: "Damit wendet sich der Apostel noch einmal dem Grundgedanken zu, der ihn in den voraufgegangenen Überlegungen geleitet hat. So wie die Israeliten sind auch die Glieder der Gemeinde dem Herrn Rechenschaft darüber schuldig, was sie mit dem offenbarten Wort in ihrem Leben getan haben (vgl Hbr 2,2-3 met Mt 25, 15.19)."

<sup>10</sup> Die definisie ὁ λόγος τοῦ θεοῦ word opgevolg met 'n volgende algemene uitspraak (4:13) dat hierdie selfde God wat kommunikeer in staat is om op elke mens se omstandighede te reageer aangesien hy sien wat alles aangaan. Dieselfde gedagte kry 'mens ook in die beeld van die tweesnydende swaard, wat altyd sny, watter kant dit ook slaan.

*Die gelowiges moet openbaringskennis kry*

Die lesers word ernstig aangemoedig om meer gevorderde onderwys in die Woord van God te ontvang (5:8-10, vgl. ook 6:1-3). Dit is binne die konteks van hierdie vermaning dat die apostel kwaai raak met hulle. Sy lesers moes op hierdie stadium al baie verder gevorder het. Daar is basiese goed wat hulle nog nie eers mooi verstaan nie. Hulle moet eintlik terug kleuterskool toe, terug na die eerste beginsels van dit wat God geopenbaar het. Hy vergelyk sy lesers met babas wat nog nie vaste kos kan verdra nie (5:13-14) en moedig hulle op daardie wyse aan om nie onvolwasse te bly nie maar om belang te stel in verdere onderrig.

Die skrywer wou uitgebrei het oor die ewige karakter van Jesus se priesterskap volgens die orde van Melgisédek. Hebreërs 5:11 *περὶ οὐ πολὺς ἡμῖν ὁ λόγος*, “waaroor ons baie te sê het”. Maar ongelukkig kan sy lesers dit nog nie hanteer nie. Die perikoop vertoon groot inhoudelike ooreenkoms met 1 Korintiërs 3:1-4. Hulle is nie gevorderd genoeg nie. Dit is te “moeilik” (5:11), ’n uitdrukking wat net hier in die Nuwe Testament voorkom (*δυσερμηνευτος λέγειν*, onduidelik om te sê, vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf 1990:94, 323, 324). Die lesers het nog nie die gewenste vlak bereik om die gevorderde inligting te kan verstaan nie.<sup>11</sup> Die skrywer raas met hulle. Sy lesers het hardhorend geword, *ἐπεὶ ὠθοῖται γεγόνατε ταῖς ἀκοαῖς* (aangesien julle doof geword het in die ore). As ’n mens die tyd in ag neem vandat hulle Christene geword het, moes hulle al in staat gewees het om ander te onderrig. Maar nou dat dit nie die geval was nie, moes hulle maar lievers weer opnuut in *τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ* die basiese beginsels van die geopenbaarde Woord van God (5:12) onderrig ontvang.

Dit is in hierdie konteks dat die outeur sy lesers vergelyk met baie klein kindertjies. Hulle is soos babas wat net melk kan verdra en geen vaste kos kan hanteer nie. Hebreërs 5:12: *καὶ γεγόνατε χρεῖαν ἔχοντες γάλακτος καὶ οὐ στερεᾶς τροφῆς*. “Hulle het geword soos die wat melk nodig het.” Die perfektum *γεγόνατε* met die partisipium *ἔχοντες* beteken dat dit ’n staat is, hulle het so geword (“julle het geword”) en daar is nog nie ’n verskil nie (vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf 1990:287, Zerwick & Grosvenor 1988:663, Ellingworth & Nida 1983:102). Die skrywer gebruik die verwyd om sy lesers aan te moedig tot geestelike groei. Soos kinders gewoonlik graag ‘groot’ wil wees, moet sy lesers verlang daarna om nie meer babas te wees nie, maar geestelik volwasse voedsel te kan hanteer. Hulle het onderwys nodig uit die Woord van God, Hebreërs 5:12: *χρεῖαν ἔχετε τοῦ διδάσκειν* (julle het nodig om geleer te word). Openbaringskennis is volgens die outeur die antwoord vir geestelike onvolwassenheid. Hulle moet die eerste beginsels van die Woord van God verstaan en internaliseer. Daar is baie dinge wat babas geniet, maar nog nie kan verstaan nie. Sy lesers is babas wat God se heilsplan blykbaar nog nie verstaan nie, hoe hulle saak met God

<sup>11</sup> Die gebruik van die seldsame woord of *δυσ-ερμηνευτος* (moeilik om te verduidelik) in Heb 5:11 word veroorsaak deur die ongeleerde staat waarin die lesers hulle bevind. “Die Begründung dafür liegt nicht in der Sache. Es ist nicht so, als bedürfte es einer außerordentlichen Erleuchtung durch Gottes Geist, um das Zeugnis der Apostel zu verstehen... Die Begründung dafür, daß “es sich mit Worten schwer erklären läßt, “liegt im Leben der Hörer. Ihr seid stumpf geworden mit euren Ohren,” sê Laubach (1967:110) tereg in daardie verband. Volgens Hegermann (1988:126) is dit nie soseer ’n saak van onderwys of slimheid nie, maar van onwilligheid om aandag te gee daaraan. Die konteks van *ἐπεὶ ὠθοῖται γεγόνατε ταῖς ἀκοαῖς* (Heb 5:11 NRSV: “since you have become dull in understanding”) bevestig dat die vernaamste struikelblok vir goeie onderrig nie in die beskikbaarheid of aard van die Woord van God geleë was nie, maar ’n hoor- en verstaanprobleem. Lane (1991: s.n. Heb 11b) verbind dit met *ἐγένετο πᾶσιν τοῖς ὑπακούουσιν αὐτῷ ἀπίος σωτηρίας αἰωνίου* in 5:9 (dit leer dat Christus ’n bron van redding geword het vir die wat Hom gehoorsaam). Dit mag ’n saak van debat wees of hierdie verbinding so sterk is dat die eerste lesers dit wel aangevoel het. Tog is dit vir die konteks van belang dat woorde soos *πᾶσιν τοῖς ὑπακούουσιν*, *ἀκοαῖς*, *ὁ λόγος*, *διδάσκαλοι* ’n omgewing skep van onderwys en dat dit dus vir die apostel by *τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ* van belang is om ’n punt daarvan te maak dat dit nie hier ’n godsdienstige gevoel of emosie betref nie, maar kennisinhoud.

reggekom het. Hulle is ἀπειρος λόγου δικαιοσύνης (5:13), “onbekend met”, of “onervare wat die Woord van die geregtigheid betref” (vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf 1990:136-137). Die genitief dui die spesifieke soort onervarenheid of onbekendheid aan, hulle verstaan God se heilsplan nog nie mooi nie. Die λόγου δικαιοσύνης is die leer van hoe die mens se saak met die Here regkom en hoe hy vrede met God ontvang, vgl. Hughes (1977:191-92).

Tog is daar die moontlikheid van groei vir sy lesers en die skrywer moedig hulle daartoe aan (5:14).<sup>12</sup> Met kennis is dit net soos met kos. ’n Mens begin met melk, maar deur oefening verdra die maag stadigaan baie meer dinge namate die kind grootword. Soos dit ook met kennis van die Woord van God is. Soos hulle groei, sal die lesers kan onderskeid maak tussen reg en verkeerd<sup>13</sup> (πρὸς διάκρισιν καλοῦ τε καὶ κακοῦ),<sup>14</sup> en dit kan toepas op hulle lewe. Die groei is nie vanselfsprekend nie, maar ’n gevolg van ’n oefenproses (γεγυμνασμένα). Onderskeidingsvermoë vereis oefening. Hierdie kwaliteit van διάκρισιν staan antities teenoor ἀπειρος (vs.13, vgl. Weiß 1991:333).

## Die eerste beginsels van die geopenbaarde Woord

### *Tekskritiese opmerkings Heb 5:12*

Die enigste tekskritiese onderwerp van belang by hierdie vers is nie ’n saak van manuskript-tradisie nie, maar ’n probleem van interpretasie. Die meeste handskrifte lees die interrogatief τίνα, vgl. die Authorized Version: “ye have need that one teach you again which [τίνα] be the first principles of the oracles of God” (Metzger 1975:666).

Nestle-Aland doen dit anders en meen dat τινὰ gelees moet word: julle het *iemand* nodig om vir julle die basiese waarhede van die Woord van God opnuut te leer (nagevolg deur bv. die NIV). Hierdie voorkeur vir τινὰ, is egter gebaseer op net ’n handjievul handskrifte.<sup>15</sup> Al

<sup>12</sup> In Heb 5:11-14 speel die geestelike groei van gelowiges ’n belangrike rol. Volgens Fensham (1981:48) veronderstel ’n gebrek aan groei ook ’n tekort by die mens wat moes geprobeer het: “Hulle is soos kinders wat nie die volle verantwoordelikheid kan aanvaar nie.” Laubach (1967:110) verduidelik hoe hierdie tema van Christelike groei deel is van die leer van die Nuwe Testament: “Der Apostel gründet sich dabei auf die Tatsache, daß es für jeden Christen die Möglichkeit einer gesunden, normalen Entwicklung und Entfaltung im Glaubensleben gibt. Daß NT kennt Wachstumsstufen im geistlichen Leben der Kinder Gottes... ..Es gibt aber auch die Gefahr des inneren Stillstandes, der zum Abfall führen kann. Mangel an Glauben und geistlicher Aufnahmefähigkeit ist ein unnatürlicher, dem Wachstum des Glaubens widersprechender Vorgang.”

<sup>13</sup> Geloof, kennis en onderskeidingsvermoë trek saam op. Clemens van Alexandrië *Stromateis* 1.6.35 (Migne 2006:10, vgl. Heen, Phillip, Krey 2005:78), verklaar in hierdie verband: ἀλλὰ καθάπερ καὶ ἄνευ γραμμάτων πιστὸν εἶναι δυνατόν φαμεν, οὕτως συνιέναι τὰ ἐν τῇ πίστει λεγόμενα οὐχ οἷόν τε μὴ μαθόντα ὁμολογοῦμεν. (Net soos ons sê dat dit moontlik is om geloof te hê sonder formele onderwys, dit tog glad nie moontlik is om die geloofsake sonder verdere studie te verstaan nie.) Om waarhede bymekaar te sit en die res te kan verwerp het ’n mens, volgens Clemens, nie genoeg aan ’n eenvoudige geloof nie, maar kort dit geloof wat besig en bereid is om te leer en te studeer.

<sup>14</sup> Die Woord van God lei tot ’n groter onderskeidingsvermoë, πρὸς διάκρισιν καλοῦ τε καὶ κακοῦ (tot onderskeid tussen goed en kwaad). Dit is ’n kenmerk van volwassenheid, vgl. Deut 1:39; Jes. 7:16 (Koester 2005:303). Laubach is reg wanneer hy sê dat die onderskeidingsvermoë tussen reg en verkeerd ’n noodsaaklikheid geword het in ’n gevalle skepping. In die oorspronklike, volmaakte wêreld van voor die sondeval was daar geen noodsaak vir onderskeidingsvermoë, of in elk geval nie in die mate waarin dit nou noodsaaklik geraak het nie (Laubach 1967:113).

<sup>15</sup> Dit is nogal interessant dat Metzger (1975:666) self in Heb 5:12 τινὰ verkies, hoewel daar glad nie ondersteuning vir sy siening in die handskrifte is nie! Sy komitee het gevoel dat “the indefinite pronoun (τινὰ) gives a sharper antithesis to εἶναι διδασκαλοὶ in the preceding verse.” Sien ook by Jeremias (1975:133) en Weiß (1991:331). Egter, die vroeë Christene wat verantwoordelik was vir die deurgee van die Nuwe Testament en wat self nog die taal gepraat het, het egter van die komitee verskil. Die oorweldigende

die manuskripte wat gewoonlik Nestle-Aland se voorkeur geniet, lees  $\tau\upsilon\alpha$  sonder enige aksent en los dit vir die leser om te besluit of  $\tau\upsilon\alpha$  of  $\tau\upsilon\acute{\alpha}$  gelees moet word. Later, in die tyd toe aksenttekens algemeen in gebruik gekom het, het nagenoeg almal  $\tau\upsilon\alpha$  gelees. In weerwil daarvan het die voorstel van Nestle-Aland en Metzger se komitee om op  $\tau\upsilon\acute{\alpha}$  te besluit, kritiekloos navolging gekry by die meeste moderne vertalings (Ellingworth & Nida 1983:104). Die vroeë Griekse leser sou  $\tau\upsilon\acute{\alpha}$  egter as oorbodig beskou het. Die aanwesigheid van  $\tau\upsilon\alpha$  maak net sin as  $\tau\upsilon\acute{\alpha}$ . As  $\tau\upsilon\acute{\alpha}$  voeg dit niks aan die betekenis toe nie. Die konteks wys glad nie op 'n bepaalde leraar van buite wat nou ingeroep moet word om vir hulle onderrig te gee nie. Die grammatikale konstruksie “julle het nodig om geleer te word,” veronderstel klaar dat hulle iemand nodig het om vir hulle onderwys te gee. Die gebruik van  $\tau\upsilon\alpha$  is egter nie oorbodig wanneer dit die aanduiding is van 'n relatiewe bysin: “julle het nodig om geleer te word *wat* die eerste beginsels van die Woord van God is.” Om hierdie rede verdien die lesing  $\tau\upsilon\alpha$  die voorkeur.

### *Eksegese van τῶν λογίων τοῦ θεοῦ in Hebreërs 5:12*

Onder 3.2 het dit reeds duidelik geword dat daar binne 'n algemene konteks van Godsopenbaring spesifieke vermanings volg waarby die outeur die gebrek aan respons van die lesers op God, wat met hulle gepraat het, aan die kaak stel in Hebreërs 5:12. Die outeur raak nogal kwaai met sy lesers en sê dat hulle baie verder gevorder moes gewees het in hulle Christelike kennis en groei. Die partisipium ὀφείλοντες (hoewel julle moes gewees het) word verbind met  $\chi\rho\varepsilon\iota\alpha\ \epsilon\chi\epsilon\tau\epsilon$ , (het julle nodig). Hulle het nie voldoen aan die geestelike verwagtings nie: “Hoewel julle reeds leraars moes gewees het,<sup>16</sup> het julle nodig om opnuut geleer te word wat die basiese beginsels van die Woord van God is.” Hoewel die lesers volgens die pad wat hulle gekom het reeds self in staat moes gewees het om ander te onderrig in die Christelike leer, is hulle nie daartoe in staat nie. Hulle word opgeroep om terug te keer na die bron en om aan die fondasies van hulle geloofskennis te werk (Bauer & Aland 1988:1534-1535; Laubach 1967:111).

Dit word omskryf as τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ (basiese beginsels van God se orakels). Zerwick & Grosvenor (1988:663) het 'n goeie vertaling: “the elementary principles of God's oracles”. Koester (2005:301) volg dit na in sy voorstel: “the most elementary matters of the oracles of God.” As openbaringswoorde van God het die orakels gesag in hulle eie reg. Van Oyen (1962:84): “De eerste beginselen van de uitspraken Gods.”<sup>17</sup> Schunack (2002) praat in verband met Heb 5:12 van: “die Elemente des (grundlegenden) Anfangs der Worte Gottes.” Fensham (1981:49) verwys in hierdie verband na: “Grondwaarhede van die woorde van God.”

Dit was reeds duidelik uit die Griekse idioom (vgl. 1) dat by τῶν λογίων in Hebreërs 5:12 nie bloot woorde ter sprake is nie, maar die spesifieke uitdrukking vir Godspraak of orakels. Dit gaan oor openbaringswoorde. Die meervoud met die gebruik van die lidwoord

---

tekstkritiese bewyse is ten gunste van 'n natuurlike interrogatief ( $\tau\upsilon\alpha$ ): “Julle het nodig dat iemand julle leer *hoe* die eerste beginsels van God se openbaringswoorde lyk.”

<sup>16</sup> Die skrywer verwyt sy lesers dat hulle self al leraars moes gewees het teen hierdie tyd. In hierdie konteks kritiseer hy hulle oor die feit dat hulle ἀπειροῦ λόγου δικαιοσύνης (5:13) is. Hulle moes teen hierdie tyd ten minste die basiese beginsels van die Christelike leer verstaan en geïnternaliseer het. Die uitdrukking ὀφείλοντες εἶναι διδάσκαλοι (5:12) beteken nie dat hulle volgens hom almal dominees in die kerk moes gewees het nie (Vgl. Hughes (1977:190), Ellingworth & Nida (1983:104), Laubach (1967:110,11)).

<sup>17</sup> Die uitdrukking τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ moet nie gelees word as bloot 'n godsdienstige teorie wat die lesers aanvaar nie. Dit gaan om 'n verhouding met die lewende God, 'n nadere verstaan van sy Woord en die verkondiging daarvan aan ander. Vgl. Ps 95, Heb 3:7, 4:2, 13:22 (Koester 2001:280).



dui aan dat dit gaan om 'n versameling of die verskynsel van Godspraak. Die goddelike oorsprong word dan nog verder versterk deur τοῦ θεοῦ. Binne die filologiese konteks van Hebreërs 5:12 verwys hierdie Godspraak na die Woord van God op 'n algemene manier. Laubach (1967:111) stem saam en vertaal dit baie mooi: “allerersten Grundlagen des Wortes Gottes.”

Die kombinasie van die woorde τὰ στοιχεῖα en ἀρχή dui aan dat die outeur van mening is dat dit om regte basiese kennis gaan, wat maar beperk is. Maar daardie beperkte kennis uit die kleuterskool van die Woord van God is volgens hom van groot belang.<sup>18</sup> Die feit dat hy dit wel voorstel as 'n uiters klein begin, wys indirek dat die τῶν λογίων τοῦ θεοῦ andersins nog baie te sê het. Die vergelyking met melk en vaste kos dui op die noodsaak en genoegsaamheid van die Godspraak. Sonder melk sterf die babas en sonder deeglike kos raak die mens gebrekkig. Selfs die basiese beginsels van die Godspraak is soos melk vir babas, wat hulle help om te oorleef. Gelowiges is egter nie veronderstel om babas te bly nie. Soos hulle groei, moet hulle vaste spysie begin eet en meer kennis kry van die Woord van God, sodat hulle daarvolgens kan optree. Hoewel die uitdrukking “Woord van God” in hierdie verband nie die Skrifte van Moses, die Profete of selfs die Apostels hoef uit te sluit nie, is λογίων τοῦ θεοῦ in Hebreërs 5:12 'n algemene verklaring wat benadruk dat God praat. Dit is die geopenbaarde Woord van God. Om hierdie rede is dit op dinamies-ekwivalente wyse ook wel vertaal as “the ABC of God’s revelation to men” (JB Phillips, cf. Ellingworth & Nida 1983:104) of as “the ABC of God’s oracles” (cf. Lane 1991:s.n. Heb 5:12).

### **Filologiese konklusie τῶν λογίων τοῦ θεοῦ**

Hebreërs gebruik die frase τῶν λογίων τοῦ θεοῦ as 'n omskrywing van die geopenbaarde Woord van God. Die konteks van Hebreërs 2:12 binne die dokument is een van 'n persoonlike verhouding tussen God en die mensheid, waarby die Here uitrek na die mens met sy genade en praat deur sy Woord. Die Godspraak is die Here se instrument om sy verhouding met die mens aan die gang te hou en te versterk met geestelike groei tot volwassenheid. In Hebreërs 5:12 dui die toevoeging τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς op die uiters basiese kennis of verstaan van hierdie Godspraak, 'n basiese kennisname van God se uitspraak. Volgens die outeur het die toepassing, selfs van hierdie basiese kennis die potensiaal om die lewe van gelowiges te verander en geestelik toe te rus.

Die gebruik van λογίων as sulks impliseer reeds 'n goddelike bron, maar dit word nog versterk deur die toevoeging τοῦ θεοῦ. Die bron van die orakels is, filologies binne Hebreërs 5:12, maar ook binne die konteks van Hebreërs, 'n alwetende en magtige God wat

<sup>18</sup> Die feit dat die apostel in Heb 5:12 die woorde τὰ στοιχεῖα en ἀρχή in een asem hanteer om sy punt te maak, wys hy praat baie ernstig met hulle. Sy lesers het nog nie eers die mees basiese goed onder die knie nie: “die eenvoudigste waarhede wat aan hulle verkondig is, weer oorgeleer moet word. Hulle moes onderwysers wees vanweë die lang onderrig wat hulle ontvang het, nou is hulle nog leerlinge in die beginstadium van hulle ontwikkeling. Hulle het dus in hul geestelike eksamen gesak” (Fensham 1981:49). Schunack (2002: ad Heb 5:12) veronderstel dat die apostel hierdie kombinasie van woorde gebruik het om aan te dui dat hy sowel dogma (τὰ στοιχεῖα) as die Christelike lewe van sy lesers (ἀρχή) in gedagte het. Schunack sê in elk geval tereg dat dit nie om 'n bloot intellektuele instemming gaan nie, maar om 'n regte verhouding tot God wat hom en sy Woord ernstig neem: “Insgesamt ist wohl gemeint: Die Adresaten haben wieder nötig, mit dem grundlegenden Anfang des Redes Gottes anzufangen- nicht um intellektuell darüber hinaus-, sondern existenziell und praktisch in ihn hineinzukommen.” Hoewel Schunack se siening teologies sin maak, is daar geen taalkundige rede waarom ἀρχή daardie betekenis konnotasie sou moes dra nie (vgl. Bauer & Aland 1988:223-25). Intendeel, die genitief in die uitdrukking τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς wys daarop dat στοιχεῖα gekwalifiseer word deur ἀρχῆς, nie dat die twee terme onderskeie verwysings sou bevat na leer en lewe nie.

die voortou geneem het om uit te reik na die mensheid, en wat kommunikeer met en handel op sy Woord.

As 'n mens net die basiese beginsels van God se uitsprake ter harte neem, is daar hoop volgens die skrywer van Hebreërs. In Afrikaans is die λογίων letterlik “Godspraak” of “Openbaringswoorde/orakels”. As sulks is daar taalkundig reeds sprake van die konsep van openbaring, 'n meervoud wat die outeur hier kollektief gebruik.

Hoewel die hemelse oorsprong van die woorde deur die spesifieke keuse vir λογίων reeds duidelik is, vind die outeur dit tog belangrik om dit te beklemtoon met die toevoeging τοῦ θεοῦ. Dit is nie sommer net orakels uit die hemel nie, maar hulle kom van die enige ware God af. Hy praat reeds met die mens vanaf die Skepping en uiteindelik deur sy Seun. Dit gaan om 'n openbaringsproses wat die eeue omspan.

Die outeur van Hebreërs het daarmee 'n boodskap, vir sy lesers toe en nou. Geloof is nie maar bloot 'n saak van gevoel en menslike gedagtes oor 'n opperwese nie. Vir hom is dit nie die mense benede op aarde wat op grond van geestelike gevoelens en spirituele tradisies gesaghebbende uitsprake oor godsdiens en teologie doen nie. Dit gaan volgens die skrywer van Hebreërs oor God in die hemel wat spesifiek praat met die mens op aarde. Wanneer dit regtig so is, indien die Here se stem waarlik<sup>19</sup> klink in Geskrifte wat deur sy Kerk ontvang is, dan mag die gelowiges volgens Hebreërs nie verskonings uitdink om dom te kan bly nie. Lettergeleerdheid en Godgeleerdheid gaan goed saam (Theron 2002:156-158). Die skrywer soek geen permanente babas in die kerk nie, wat maar net wil ‘aanbid’ en hemel toe gaan. Volgens hom het Christene die plig om te luister en te groei in kennis van God se openbaring. Kennis van sy geopenbaarde orakels is 'n elementêre voorwaarde vir kerkwees en Christendom. Gevolglik word die volgende vertaling van die betrokke deel van Hebreërs 5:12 (τὰ στοιχεία τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ) voorgestel: “die basiese beginsels van die geopenbaarde Woord van God”.

## AANGEHAALDE BRONNE

Bauer, W, K Aland, B Aland 1988. *Wörterbuch zum Neuen Testament. 6, völlig neu bearbeitete Auflage*. Berlin: Walter de Gruyter.

Bette, JC, G Van Den Brink, H Courtz, GA Van Veelen 1988. *De brief van Paulus aan de Hebreërs*. (Studiebijbel) Soest: In de Ruimte.

Blass, F, A Debrunner, F Rehkopf 1990. *Grammatik des Neutestamentlichen Griechisch*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Boice, JM 1991. *Justification by faith, Romans 1:1-4:25*. Grand Rapids: Baker Book House.

Dunn, JDG 1988. *Romans 1-8*. (Word Biblical Commentary) Waco: Word.

<sup>19</sup> Gerricke (2009:790-791) waarsku, op grond van die aanhalings uit die Psalms in Hebreërs, tereg teen die inlees van 'n wiskundige waarheidsbegrip in die teks. Tog moet 'n mens verreken dat Hebreërs volgens Clemens Romanus, Pantaeus van Alexandrië en Origenes 'n Griekse vertaling van Paulus se Hebreërs deur Lukas betref. Dit kon aangestuur gewees het deur Lukas en/of Timoteüs (vgl. Zuiddam 2010). Die outestamentiese verwysings in Hebreërs kom egter nie uit die Masorete-teks nie, maar uit die Septuagint. Ook die wiskundige waarheidsgehalte van Hebreërs is waarskynlik groter as algemeen aangeneem, veral as net die vroeë konsonante en nie die laat Judaïserende vokale van die masora in ag geneem word nie.

- Ellingworth, P, EA Nida 1983. *A translator's handbook on the letter to the Hebrews*. United Bible Societies.
- Fitzmyer, JA 1993. *Romans. A new translation with introduction and commentary*. (The Anchor Bible) London: Doubleday.
- Fensham, FC 1981. *Die brief aan die Hebreërs*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.
- Gericke, JW 2009. Philosophical theories of truth and the logical status of intra-Biblical fallacies of contextomy. *In die Skriflig*, Vol 43(4):777-792.
- Heen, E, Krey, PD 2005. *Hebrews. (Ancient Christian Commentary on Scripture)*. Downers Grove: Inter Varsity Press.
- Hegermann, H 1988. *Der Brief an die Hebräer*. (Theologisches Handkommentar zum Neuen Testament) Berlin: Evangelische Verlagsanstalt.
- Hughes, PE 1977. *A commentary on the Epistle to the Hebrews*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Jeremias, J, A Strobel 1975. *Die Briefe an Timotheus und Titus. Der Brief an die Hebräer*. (Das Neue Testament Deutsch) Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Karrer, M 2002. *Der Brief an die Hebräer*. (Ökumenischer Taschenbuchkommentar zum Neuen Testament) Gütersloh: Gerd Mohn.
- Koester, CR 2001. *Hebrews*. (The Anchor Bible) New York: Doubleday.
- Lane, W 1991. *Hebrews 1-8*. (Word Biblical Commentary) Waco: Word.
- Laubach, F 1967 *Der Brief an die Hebräer*. (Wuppertaler Studienbibel) Wuppertal: Brockhaus Verlag.
- Lekkerkerker, AFN 1962. *De brief van Paulus aan de Romeinen*. (De Prediking van het Nieuwe Testament) Nijkerk: Callenbach.
- Liddell, HG, R Scott 1996. *A Greek-English Lexicon*. Compiled by Henry George Liddell and Robert Scott. Revised and augmented throughout by Sir Henry Stuart Jones with the assistance of Roderick McKenzie and with the co-operation of many scholars. With a revised supplement 1996. Oxford. Clarendon Press.
- Metzger, BM 1975. *A textual commentary on the Greek New Testament*. A companion volume to the United Bible Societies' Greek New Testament (third edition). Stuttgart: United Bible Societies.
- Migne, JP 2006. *Patrologiae Cursus Completus (Seu Bibliotheca Universalis... Omnium S.S. Patrum Doctorum, Scriptorumque Ecclesiasticorum.) Series Graeca*. By Jacques Paul Migne. Mytilene: Cultural Heritage Management Lab, University of the Aegean.
- Nestle, E, K Aland 1988. *Novum Testamentum Graece*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Pirot, L, A Clamer 1946. *Épître de la captivité, épîtres aux Thessaloniens, épîtres pastorales, épître a Philémon, épître aux Hébreux, épître catholiques, Apocalypse*. (La Sainte Bible, texte Latin et traduction Française d'après les texts originaux avec un commentaire exégétique et théologique). Paris: Letouzey et Ané.
- Schunack, G 2002. *Der Hebräerbrief*. Zürich: Theologischer Verlag.
- Theron, PF 2002. *Die oudheid van die letter en die nuutheid van die Gees. Enkele opmerkings oor die Skrif as lewende Woord*. Acta Theologica: Essentialia et Hodierna, Supplementum 3:150-168.
- Spicq, C 1977. *L'Épître aux Hébreux*. (Sources Bibliques) Paris: Librairie Lecoffre.

- Van Oyen, H 1962. *De brief aan de Hebreëen*. (De Prediking van het Nieuwe Testament) Nijkerk: Callenbach.
- Weib, H-F 1991. *Der Brief an die Hebräer*. (Kritisch-exegetischer Kommentar über das Neue Testament) Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Zerwick, M, M Grosvenor 1988. *A grammatical analysis of the Greek New Testament*. Roma: Papal Bible Institute (Editrice Pontificio Institutio Biblico).
- Zuiddam, BA, FJ Van Rensburg, PJ Jordaan 2008. Λόγιον in Biblical Literature and its implications for Christian Scholarship. In: *Acta Patristica et Byzantina* (19):379-394.
- Zuiddam, BA 2010. Volgens Origenes schreef Paulus de Hebreënbrief. Reformatorisch Dagblad, 15-10-2010. Online:  
[http://www.refdag.nl/opinie/opinie/volgens\\_origenes\\_schreef\\_paulus\\_de\\_hebreeenbrie\\_1\\_509096](http://www.refdag.nl/opinie/opinie/volgens_origenes_schreef_paulus_de_hebreeenbrie_1_509096).